

DIE NASIONALE MUSEUM "EEN WEELDE-ARTIKEL EN GEEN NOODSZAKELIKHEID"?

J. Haasbroek

"...maar het was wel iets buitengewoons dat in deze begroting £15 000 (R30 000) zou worden neergezet voor een museum [Nasionale Museum] in de hoofstad. Wanneer het land zulk een grote behoefte had aan wegen, waarom dat geld niet voor dat doel gebruikt. Goed beskouwd was het museum een weelde-artikel en geen noodzakelikheid." So het W. Burns - Thomson, onafhanklike lid (Harrismith Dorp) van die Wetgewende Vergadering van die selfregerende Oranjerivierkolonie (soos die Vrystaat na die Anglo-Boereoorlog bekend gestaan het) geredeneer toe die buitengewone begroting op 6 April 1910 in die Vergadering bespreek is.



W. Burns-Thomson, onafhanklike lid van die Wetgewende Vergadering, het in die Vergadering die Nasionale Museum as 'n weelde-artikel en geen noodsaaklikheid nie afgemaak.
(foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein)

besluit om die opbrengs uit die transaksie te gebruik om 'n aantal openbare projekte te voltooi. Die bedrag van £225 550 wat vir "publieke werke" begroot is, het die £15 000 vir die bou van die Nasionale Museum ingesluit.



C.H. Wessels het as minister van openbare werke, lande en mynweese die bou van 'n nuwe museum vir Bloemfontein in die Wetgewende Vergadering vurig bepleit.

Hoofsaaklik as gevolg van die Oranjerivierkolonie (ORK) se swak finansiële posisie is die bou van 'n nuwe museum vir Bloemfontein telkens van die baan geskuif. Die Oranjerivierkolonie se toetrede in 1910 tot die Unie van Suid-Afrika het meegebring dat die Nasionale Bank van die Oranjerivierkolonie deur die Nasionale Bank van Suid-Afrika oorgeneem is. Die ORK-regering was die grootste aandeelhouer in eersgenoemde bank. Hulle het

In die Wetgewende Vergadering het C.H. Wessels, die betrokke minister van openbare werke in die ORK, heftig op Burns-Thomson se uitlating gereageer. Wessels het toegegee dat geld dringend nodig was vir die bou en herstel van paaie en brûe, maar die oprigting van 'n groot museum vir die hoofstad het by hom net so swaar geweeg. Hy het die bedrag in die begroting verdedig en sy standpunt onomwonde gestel: "Hij schaamde sich voor het tegenwoordige gebouw [die Eerste Raadsaal in St. Georgestraat] en wanneer hij het een bezoeker moest tonen gevoelde hij altijd dat het een schande was voor de hoofstad. Een museum was een prachtige plaats om historiese dingen in op te bergen en was zeer leerzaam." Wessels se pleitrede vir 'n nuwe museum het ingang onder die lede gevind, want benewens Burns-Thomson was daar geen ander lid wat die bedrag van £15 000 geopponeer het nie.

Die feit dat die opposisie (sir John Fraser se Konstitusionele Party) ook die Nasionale Museum-bedrag volmondig ondersteun het, het Burns-Thomson se anti-museum uitsprake ongedaan gemaak. Wolff Ehrlich (Fort Afdeling) het die begroting in sy geheel aangeprys, terwyl C.L. Botha (Stad Afdeling) daarop gewys het dat

die nuwe museum nie net vir Bloemfontein is nie, maar vir die hele land.

Die nuwe Nasionale Museum op die h/v Charles- en Aliwalstraat is in 1915 geopen. Dit het inderdaad tot een van die grootste museums in die land gegroei.



C.L. Botha, opposisielid in die Wetgewende Vergadering, was sterk ten gunste van 'n nuwe museum vir die Vrystaatse hoofstad.

(foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein)



Wolff Ehrlich, opposisielid in die Wetgewende Vergadering, het geen beswaar gehad nie teen die £15 000 wat vir die bou van die Nasionale Museum begroot is

(foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein)

BIBLIOGRAFIE

- HAASBROEK J 1986 *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje Vrystaat 1885-1924* Ongepubliseerde D Phil proefskrif Univer siteit van die Oranje-Vrystaat
- The Friend*, 14 Des 1911
- VAN DER BANK DA 1987 Die Nasionale Museum van St Georgestraat na Wardenplein *Nasionale Museum Nuus* No 32 24-25
- Vrystaatse Argiefbewaarplek *Notule Wetgewende Vergadering ORK*, 6 April 1910, pp 226-230

FOSSIELUITSTALLING OP WINBURG



URANOCENTRODON, 'n uitgestorwe amfibier wat ongeveer 200 miljoen jaar gelede gelewe het, was te Winburg op uitstalling.

'n Uitstalling van Karoofossiele is deur die Nasionale Museum vanaf 1 Februarie tot 15 April in die voorportaal van die dorpsbiblioteek op Winburg gehou. 'n Wye verskeidenheid voorbeelde wat beendere van uitgestorwe amfibiërs, soogdieragtige reptiele, oerkrokodille en dinosauriërs insluit, was te sien. Hierdie fossiele is afkomstig uit gesteentes van die Beaufortgroep wat meer as die helfte van Suid-Afrika se oppervlakte beslaan. Winburg is ook in die Beaufortgroep geleë en die belangstelling wat deur die plaaslike inwoners getoon is, kan dalk lei tot nuwe vondse van fossiele uit die omgewing.